

Beplan nou jou somergewas



SEPTEMBER IS 'N GOEIE MAAND OM DIE BEPLANNING VIR GEWASSE WAT VANAF OKTOBER 2011 TOT VROEG IN JANUARIE 2012 VIR DIE KOMENDE SOMERSEISOEN GEPLANT MOET WORD, TE FINALISEER. SOMMIGE VAN DIE BELANGRIKE FAKTORE WAT IN GEDAGTE GEHOU MOET WORD, WORD HIERONDER BESPREEK.

Dit word aanvaar dat oor jare van boerdery, of indien dit jou eerste somergewas is wat geplant gaan word, jy 'n gedetailleerde fisiese en finansiële hulpbron evaluasie van jou boerdery voltooi het. Die areas vir die aanplanting van hoë, medium en laepotensiaal gronde moet geïdentifiseer, gemeet en gekwantifiseer word.

As gevolg van die hoë insetkoste en dus hoë finansiële risiko's, is dit duidelik dat om gewasse te produseer in die huidige kosprysverhouding, slegs die hoë en medium potensiaal gronde in produksie gehou moet word. Lae potensiaal gronde behoort omgeskakel te word na permanente weidings.

Watter somergewas moet in my boerdery geplant word?

Die belangrikste graangewas opsies wat oorweeg moet word, is mielies, wit en/of geel, sonneblom,

sojabone en sorghum. Die keuse en verskeidenheid van gewasse wat oorweeg moet word, moet in staat wees om die beskikbare trekkerkrag en implemente doeltreffend oor 'n maksimum optimum nege week planttydperk te gebruik, van die 15de Oktober tot die 20ste Desember, te pas in 'n goed beplande wisselboustelsel en te voorsien in die behoeftes van jou veeboerdery.

Graansorghum word deesdae tot 'n beperkte mate in Suid-Afrika verbou en dit wil voorkom asof dit slegs in sekere gebiede verbou word. Onthou ook dat die gewilde soet sorghum ook soet is vir die voëls en hulle sal soveel eet as wat hulle kan voor jy kan oes.

'n Finansiële vergelyking van die verskillende gewasopsies

Die huidige Safex vooruit termynkontrak vir graankommoditeite per ton gelewer vanaf Maart 2012 tot Julie 2012 vir die verskillende gewasse is soos volg:

- Sorghum vir lewering in Maart 2012 = R1 990 per ton.
- Sojabone vir lewering in Maart en Mei 2012 = R3 365 per ton.
- Sonneblom vir lewering in Maart en Mei 2012 = R3 998 per ton.

Graan SA tydskrif vir
ontwikkende produsente

LEES BINNE:

4 > Om skeurtandbewerking toe te pas, al dan nie...

7 > Haelstene uit die lug

9 > Die gebruik van landboukontrakteurs – die moets en die moenies



7



9

Beplan nou jou somergewas



Mme Jane
sê...

- Witmielies vir lewering in Julie 2012 = R1 842 per ton.
- Geelmielies vir lewering in Julie 2012 = R1 837 per ton.
- Koring (vergelykend) Desember en Maart 2012 = R2 950 per ton.

Onthou asseblief dat jy nie elke gewas oral kan plant nie! Wat die somergewasse betref, is mielies een van die gewasse wat baie wyd geplant word en dit is die stapelvoedsel vir baie mense. Insekte en siektes val sorghum aan en dus kan die "goeie" gebiede waar die reënval hoog is, problematies vir sorghum wees (en die mark is beperk). Sonneblom doen nie goed in nat gebiede nie. Hulle versuip maklik en kry maklik swamsiektes. Sojabone is 'n moeiliker gewas om te bestuur en die oes daarvan is 'n uitdaging vir ontwikkelende produsente. Met betrekking tot wintergewasse, koring, gars, hawer en kanola – dit is nie nou die tyd om hulle te oorweeg nie, omdat hulle tydens die herfs geplant word.

Vervoerdifferensiaal

As 'n kleiner produsent is dit veiliger om die inkomste uit jou oes te bepaal vanaf die plaaslike of kontantprys vir jou gewas, met inagneming die vooruittermyn kontrakprys hierbo getoon, minus die vervoerkoste vanaf die Safex geregistreerde silo's. Hierdie vervoerkoste is 'n teoretiese vervoerkoste wat gebaseer is op die werklike vervoerkoste wat nodig sou wees om 'n graangewas van 'n geregistreerde Safex silo na Randfontein te vervoer – in die geval waar die graankontrak deur 'n produsent stipuleer dat die graan fisies afgelewer word in Randfontein.

Die geregistreerde silo lys met vervoerdifferensiale getoon kan afgelaai word van die Safex-webwerf. Pryse wissel van R150 tot R300 per ton vir sonneblom en R71 tot R410 per ton vir mielies. Gegewe die hoë huidige waardasie van vervoerdifferensiale, is dit waarskynlik dat kleiner produsente hulle graan aan hul naaste amptelike geregistreerde silo sal lewer. Die netto prys wat die produsent ontvang, is dus daarom die toekomstige Safex prys minus die vervoer differensiaal, minus die vervoerkoste van die plaas na die silo.

Byvoorbeeld, indien die vervoer differensiaal, vir Bethlehem R202 per ton is en jou kontrakteurs-koste van die plaas na die silo R50 is, sal die netto prys waarskynlik die prys wat deur jou koöperasie betaal word, R1 590 per ton vir wit mielies wees. Op grond hiervan sal die netto prys wat jy in jou sak kry vir byvoorbeeld mielies en sonneblom soos volg bereken word:

Geelmielies – Bethlehem

R1 837 minus R202 (vervoer differensiaal Bethlehem) minus R50 (lewering aan plaaslike silo) is gelyk aan 'n netto produsente prys van R1 585.

Sonneblom – Bothaville

R3 998 minus R162 (vervoerdifferensiaal Botha-

ville) minus R50 (lewering aan plaaslike silo) is gelyk aan 'n netto produsente prys van R3 786 per ton.

Dit is dus belangrik om uit te werk wat die netto, huidige of plaaslike produsenteprys sal wees in die area waar jou plaas geleë is. Dit is dus grootliks 'n kwessie van historiese geluk eerder as goeie beplanning waar jou plaas geleë is met betrekking tot Randfontein. Hierdie faktor kan egter 'n groot uitwerking hê op die winsgewendheid van 'n bepaalde gewas in jou area.

As jy byvoorbeeld 'n keuse moet maak tussen wit of geel mielies, sal 'n groot meule, indien naby jou plaas geleë, waarskynlik die beste prys aanbied tydens oestyd. Die meulenaar kan gekontak word om uit te vind hoe hulle prysbeleid werk.

Die koste van die gewas aangeplant (bruto marge analise/bedryfstakbegroting)

Dit is noodsaaklik om 'n bruto marge analise te doen vir elke graangewas wat op jou plaas verbou word. 'n Bruto marge is die verskil tussen die totale netto inkomste vir elke gewas minus al die direkte koste wat gebruik word om die gewas te produseer per hektaar en per ton van die oes geproduseer. Die gewasinkomste uit elke gewas kan vergelyk word op 'n gelyke basis per hektaar of per ton om te sien watter is die mees winsgewende. Die potensiele opbrengs vir enige van die gewasse sal beïnvloed word deur die diepte van die grond, vrugbaarheid, grondvog, reënval, klimaat, die bestaande wisselboustelsel en die doeltreffendheid van die gewasverbouing metodes wat gebruik word.

Tabel 1 toon 'n voorbeeld van 'n bruto marge analise – onthou dat dit sal verskil van plek tot plek en selfs van land tot land. Jy moet uitvind presies wat die insette is wat jy gaan gebruik, die bedrag per hektaar en dan die prys van elke item – dan sal jy in staat wees om die koste van jou oes te bereken.

Kontak asseblief Graan SA vir raad en inligting oor die Bruto marge beplanning indien jy nie gemaklik voel presies hoe om dit te doen vir jou plaas nie.

Die potensiele graanopbrengs in ton per hektaar vermenigvuldig met die netto prys vir elke gewas sal aandui watter die mees winsgewende gewas is om te verbou. Gekoppel aan die behoefte om risiko te versprei, die toerusting wat beskikbaar is en die beplande wisselboustelsels, kan 'n rasonale besluit geneem oor die gewas wat aangepant moet word.

Onthou dat elke gewas 'n sekere optimale planttyd het en jy moet seker maak dat jou lande betyds voorberei is om op die regte tyd te plant. Indien jy laat plant, sal jy nie die gewenste opbrengs verseker nie en baie van jou werk sal tevergeefs wees. Beplan en maak seker dat jy die lande so gou as moontlik begin bewerk.

Ek is baie bekommerd, omdat dit blyk dat sommige staatsdepartemente probeer om ons produsente te laat voel soos bedelaars. Bedelaars wat nie enigiets vir hulleself kan, wil of doen nie.

Ons het 'n besoek aan ons onderskeie streekkantore gebring en was ook in KwaZulu-Natal (in die ou Zululand). Deur middel van kommunale grond, het produsente in die landelike gebiede toegang tot grond en hoewel dit nie hul "eie" grond is nie, is hulle huurooreenkomste veilig. Die grond het hoë potensiaal en die reënval is goed. Hulle boer egter nie. Die Departement van Landbou het die volgende gedoen:

- Het trekkers en toerusting gekoop wat by die kantore van die Departement van Landbou staan;
- Het bestuurders vir die trekkers gehuur;
- Het al die insette vir die produsente gekoop;
- Die lande geploeg;
- Die gewas geplant; en
- Toe dit nodig word om die onkruid uit te trek – het die produsente gesê die departement moet kom en die onkruid kom skoonmaak.

Die produsente het egter die oes gevat! En wat meer is, die departement betaal 'n konsultant om 'n heining rondom die lande op te sit. Die produsente doen niks nie.

Is dit wat 'n produsent bedoel is om te doen? Kan jy jouself 'n produsent noem as jy niks doen op die grond nie? Wie betaal vir hierdie werk en wat is die werklike koste van elke ton mielies wat geproduseer word?

Die produsente het my vertel dat die jong meisies in die landelike gebied babas het, terwyl hulle eie ouers nog steeds die kindertoelaag vir hulle opeis. Ons is besig om uit die oog te verloor wat 'n suksesvolle nasie skep. Ons moet verantwoordelikheid vir onself en ons eie toekoms neem. Dit was nog nooit bedoel dat ons moet terugsit en alles opeis nie. Daar is heeltemal te veel fokus op "regte" en nie 'n fokus op verantwoordelikheid nie.

In die normale gang van die lewe, werk volwassenes vir 'n lewe (dikwels lang ure om genoeg te verdien), dan sit jy huis op, dan trou jy, dan het jy kinders, dan moet jy die kinders opvoed sodat hulle ook kan werk, belasting betaal en so bydra tot die bestuur van die land. En so aan...Maar nie vandag nie, kinders het kinders terwyl hulle nog op skool is, produsente werk nie – hulle sit by die huis en wag vir die regering om hulle te "red".

Asseblief, elkeen van ons het God-gegewe talente om te gebruik en ons moet deur die sweet van ons aangesig ons brood verdien. Laat ons ons verantwoordelikhede opneem en begin werk – dit is produsente wat die wêreld voed en as ons nie werk nie, sal ons as 'n nasie hongersnood in die gesig staar.

Table 1: Bruto marge analise

Bruto marge analise		Verbouing – mielies					
Bedryfstak		Mielies					
Oppervlakte vir mielies		4,90	Hektaar				
A	Totale inkomste vir bedryfstak					Inkomste	Totaal vir
	Swak	Gemiddeld	Goed			Hektaar	Bedryfstak
Ton/hektaar	3,60	4,50	5,40				
Prys per ton	1 400	1 750	2 100				
Inkomste per hektaar	5 040	7 875	11 340				
Totale opbrengs vanaf bedryfstak (ton)	17,64	22,05	26,46				
Werklike inkomste vir bedryfstak vir die jaar	24 696	38 587,50	55 566			7 875	38 587,50
B	Min direkte koste						
		Beskrywing	Per	Totaal/		Koste per	Totaal vir
Item	Produk	Eenheid	Hektaar	Bedryfstak	Prys/E	Hektaar	Bedryfstak
Saad – 60 000 per sak	GM	60 000	25 000	122 500	0,03	650	3 185
Kunsmis	4:2:1 (32)	Kg	200	980	4,50	900	4 410
Topbemesting	LAN	Kg	100	490	3,50	350	1 715
Kalk	Kalsities/Dol	Kg/ha	1,00	4,90			
Chemikalieë		Kg	0,06	0,29	1 266,67	76	372,40
Chemikalieë-vooropkoms onkruidbeheer						350	1 715
Chemikalieë-na-opkoms onkruidbeheer						350	1 715
Chemikalieë-snywurm	Insekte					10	49
Chemikalieë-stronk-boorder	Insekte					15	73,50
Diesel		l	90	441	8,50	765	3 748,50
Inset versekering		0,08	598,50			465	2 278,50
Arbeid – tydelik							
Oes		Hektaar	300	1 470	1,00	300	1 470
Bemarking		Ton			50	225	1 102,50
Vervoer		Km	25	122,50	3	337,50	1 653,75
Herstel en onderhoud						300	1 470
Rente							
					TOTAAL	5 093,50	24 958,15
C	Bruto marges (die bedrag wat jy oorhou na die verkoop van die mielies uit 4,9 hektaar)						13 629,35

JANE MCPHERSON, PROGRAMBESTUURDER VAN DIE GRAAN SA ONTWIKKELINGSPROGRAM VIR PRODUSENTE

Om skeurtandbewerking toe te pas, al dan nie...

GRONDBEWERKING KAN GRONDVERDIGTING AANHELP OF VERLIG. BEWERKINGSOPERASIES BREEK DIE GROND IN KLEINER DEELTJES. OORMATIGE BEWERKING MAAK GROND TE FYN EN VERNIETIG DIE GRONDSTRUKTUUR WAT NODIG IS VIR PORIESPASIE.

Doel van die skeurimplement

Sommige bewerkingstoerusting, soos skottelploeë, deurlug die grond en verhoog infiltrasie op die oppervlak en skep 'n verdigtingslaag net onder die werkingsdiepte. So 'n laag is bekend as 'n "ploeglaag". 'n Skottel eg kan ook 'n harde laag net onder die grondbewerkingsdiepte veroorsaak tydens uitermatige bewerking naby die grondoppervlak, veral waar verskeie bewerkings gedurende dieselfde jaar gemaak is. Om verdigting te verlig, het diep bewerking tot 'n diepte van 30 - 60 cm, of selfs dieper en gewoonlik 'n afstand van ongeveer 1 m uitmekaar, algemene praktyk geword, veral in sanderige grond.

Skeurtandimplemente of tandimplemente breek gekompakteerde grond onder die diepte wat deur konvensionele bewerking bereik kan word, om dreinerings- en deurlugting te verbeter. Die ontwerp van die skeurtandimplement help om die ondergrond te lig en te breek, sodat 'n verdigtingslaag opgebreek kan word. Grond moet redelik droog wees wanneer bewerk word. Diep bewerking van nat grond breek nie die ondergrond nie en smeer en seël die grond langs die skeurtand. Die oppervlak wat so gesmeer is verhoed dat lug,

water en wortels deur die grond beweeg.

Ploeglae word veroorsaak deur die smeer van grond deur ploeë wat op dieselfde diepte oor 'n lang tydperk beweeg. Dit is moeilik vir plantwortels, water of lug om deur hierdie laag te beweeg, dus word plantgroeï beïnvloed. Die gebruik van swaar masjinerie op nat grond kompakteer ook die grond met verloop van tyd, en veroorsaak 'n harde laag soortgelyk aan 'n ploeglaag.

Voordele van 'n skeurtandimplement

- Verbeterde infiltrasie van reënwater;
- Beter deurlugting;
- Geen vermenging van bogrond en ondergrond;
- Beperkte verlies aan grondvog omdat die grond nie omgekeer word nie, en
- Verbeterde wortelontwikkeling.

Nadele van 'n skeurtandimplement

- Dit is 'n stadige en duur bewerking; en
- Hoë kW vereistes.

**WILLIE KOTZÉ, OPLEIDING EN ONTWIKKELINGSBESTUURDER
VAN DIE GRAAN SA ONTWIKKELINGSPROGRAM VIR PRODUSENTE**



Winter- graan

Onkruidbeheer faktore om in gedagte te hou vir die 2011-seisoen

DIE HUIDIGE WINTERKORING PRODUKSIESEISOEN IS ONGEWOON OMDAT DIE REËNVAL WAT VOOR PLANTTYD ONTVANG IS VIR DIE TYDPERK JULIE 2010 TOT MEI 2011, GEWISSEL HET VAN 500 MM TOT 2 000 MM VAN 'N NOORD-SUID LYN VAN DIE WES-VRystaat TOT AAN DIE OOSKUS.

Baie lande wat vir koringaanplanting beplan was, het waarskynlik meer as 1,2 meter reën ontvang. Dit is dus waarskynlik dat baie lande wat met koring aangeplant is, 'n totaal versadigde grondprofiel het.

'n Koue winter, tesame met sneeu in baie gebiede, sal 'n invloed hê op die tempo van groei en ontwikkeling van koring. Laat aanplantings veroorsaak ook dat daar koring is wat op 'n later ontwikkelings stadium is as in 'n meer normale seisoen. Saad wat gedurende laat Mei en Junie geplant is, het in sommige gebiede meer as vier weke geneem om op te kom.

Vog behoort nie 'n beperkende faktor te wees tot baie laat in die seisoen nie. Sommige gebiede het ook reën en sneeu in Julie gehad. Gegewe 'n optimale ontkiemingspersentasie van die saad wat geplant is en korrekte bemesting wat vergoed vir stikstof wat kon uitloos as gevolg van die baie reën, is die moontlikheid van 'n opbrengs van twee tot drie ton goed.

Die grondtoestande wat 'n goeie wegspring aan die koringoes gegee het, sal ook 'n ideale omgewing vir die ontkieming en ontwikkeling van 'n groot aantal en verskeidenheid van onkruid skep.

In die lig van 'n potensiële hoë waarde gewas wat geoes word, sal dit die moeite werd wees om enige onkruidontwikkeling op 'n vroeë stadium te monitor.

Die koue winter sal lei tot verlaagde onkruidkompetisie gedurende Julie tot Augustus. Die ideale toestande sal tot gevolg hê dat onkruidkompetisie dan 'n faktor sal wees wanneer dit warmer word teen die einde van Augustus.

Geïntegreerde onkruidbestuur (IWM)

Die doeltreffendheid vir die beheer van onkruid in 'n bepaalde gewas, in hierdie geval winterkoring, moet in 'n moderne produksiestelsel gebruik maak van 'n interafhanklike mengsel van kulturele praktyke, wisselbou stelsels en biologiese en chemiese onkruidodders.

Goeie boerderypraktyke en beplanning moet die verbouing van verskeie somer- en wintergewasse insluit, tesame met 'n mengsel van breëblaar- en naaldblaar gewasse soos sonneblom en sojabone en grastipe gewasse soos koring, hawer, mielies en sorghum. Hierdie gediversifiseerde stelsel verseker dat die onkruid blootgestel word aan verskillende verbouingspraktyke, sowel as 'n rotasie van die verskillende beskikbare onkruidoddergroepe.

Bandplasing van kunsmis by beide winter- of somergewasse help die plant om weg te kom van enige onkruid wat kan ontkiem tydens planttyd of soos gedurende die huidige winterseisoen, op lande met 'n baie klam oppervlak.

Onderzoek na onkruid

Die sleutel tot 'n goeie onkruidbestuursprogram op enige grond, is die korrekte identifikasie van onkruidspesies wat teenwoordig is.

Omsigtige produsente sal rondry en voortdurend in hulle lande loop om die groei en ontwikkeling, veral die ontwikkeling van uitlopers op onkruid te evalueer, sodat die omvang en finansiële lewensvatbaarheid van die gewas op 'n vroeë stadium vasgestel kan word. Heraanplanting van gekompakteerde en grond met onaanvaarbare plantpopulasie moet oorweeg word. Enige onkruid kan ook tydens die inspeksies gemonitor word.

'n Goeie monitor program sal help met die identifisering van probleem- onkruid, sodat die regte en doeltreffende beheer en spuitprogram aanbeveel kan word. Dit is altyd raadsaam om 'n gekwalifiseerde en ervare chemiese onkruidbeheer persoon van die begin af te raadpleeg.



Onkruidbeheer faktore om in gedagte te hou vir die 2011-seisoen

Nuttige gereedskap tydens onkruid ondersoek

Wanneer lande ondersoek en gevalueer word, is dit raadsaam om plaaskaarte te gebruik wat lande en landgroottes aandui, 'n klein troffel, mes, plastieksakke met name vir die insameling van onbekende onkruid, 'n 1 m staalvierkant, sakrekenaar, potlode, merkers en 'n GPS, indien beskikbaar.

'n GPS kan baie nuttig wees vir die merk van spesifieke onkruidkolle, sodat die doeltreffendheid van die spuitprogram gemonitor kan word deur die herbesoek van daardie kolle van tyd tot tyd na bespuiting.

Dit is ook raadsaam om 'n basiese onkruid verwysingsgids te hê, met foto's van onkruid op verskillende stadiums, sodat akkurate identifikasies gemaak kan word. Dit is van kritieke belang sodat die korrekte keuse van chemikalieë en mengsels in die beheerprogram gemaak kan word.

Praktiese ondersoek van onkruid

Om doeltreffend te monitor, moet soos volg te werk gegaan word:

1. Loop sig sag deur die land en stop ten minste vyf keer op wyd verspreide punte langs die pad. Die patroon moet jou toelaat om oor die hele land te beweeg en jou laat begin waar jy jou bakkie of 'n ander voertuig geparkeer het. Gee aandag aan die onkruid op laagliggende, nat of brak kolle in die land.
2. Terwyl jy loop, moet jy al die onkruidspesies teenwoordig identifiseer en die groeistadium van die koring, asook die onkruid, aanteken. Let op of die gewas kompeteer teen die onkruid wat reeds teenwoordig is.
3. Teken 'n kaart van onkruid wat in spesifieke gebiede gekonsentreer is. Jy kan jou GPS gebruik om die areas te meet. Groot moderne kontrakteur spuite is toegerus met GPS toerusting en kan soms deur die nag werk. In hierdie geval kan hierdie areas en die GPS posisies uitgewys word aan die kontrakteur voor hy op 'n bepaalde land begin. Akkurate kartering sal jou in staat stel om 'n meer akkurate evaluering te maak oor die hoeveelheid chemikalieë en die koste daarvan. Die impak van die chemikalieë wat gebruik word op toekomstige gewasse, kan ook oorweeg word.
4. By elkeen van die vyf stopplekke in die land, moet jy die aantal onkruid teenwoordig bepaal. Indien die onkruid nog nie opgekom het nie, kan 'n mens die boonste sentimeter grond wegskraap om te sien of enige plante ontkiem het

en nog nie opgekom het nie. Hierdie eenvoudige waarneming kan die produsent 'n baie goeie idee gee van die potensiële onkruidprobleem wat in die toekoms kan ontstaan. Gooi 'n helder gekleurde bal in 'n area en plaas die 1 m vierkant oor die area met die bal in die middel. 'n Totaal van 25 of meer opnames indien die land groter as 50 hektaar is, gee jou 'n uitstekende beeld van die onkruidprobleme in 'n bepaalde land. Hierdie proses sal jou ook dwing om die korrekte identifikasie van die onkruid op jou plaas te doen.

5. Kry die totaal van elke onkruid en deel dit deur vyf. Dit gee jou die gemiddelde aantal onkruid per vierkante meter. Die aantal onkruid per vierkante meter kan dan vergelyk word met die betrokke kaart sodat 'n besluit geneem kan word of dit ekonomies lewensvatbaar is om te spuit of nie.

Dit moet in gedagte gehou word dat dit in Suid-Afrika sin maak om selfs lae konsentrasies van onkruid te spuit omdat die vroeë reën in Oktober en reën in November en Desember saam met die somerhitte sterk groei van onkruid bevorder. Dit lei tot probleme tydens oestyd en die moontlikheid dat koring-saadmonsters besmet kan word. Dit kan dan lei tot 'n laer graad en 'n laer prys per ton gerealiseer by die silo.

Aanbevelings

Sommige aanbevole onkruidodders en kostes vir moontlike onkruid, word hieronder bespreek. Dit word sterk aanbeveel dat 'n behoorlike onkruid verwysingsboek vir Suid-Afrika aangekoop word sodat onkruid akkuraat geïdentifiseer word. Dieselfde plaaslike name vir verskillende onkruidspesies kan lei tot verwarring. Dit is altyd die beste om na onkruid te verwys met hulle Latynse naam sodat die regte onkruidodder gebruik kan word in die spuitprogram.

Die mees waarskynlike gevolg van die bogenoemde toetse sal waarskynlik uitwys dat die onkruidprobleem hoofsaaklik breëblaaronkruid is. In sommige areas is litjiesgras (voelduisendknoop, litjiesgras, koperdraadgras – *Polygonum aviculare*), wilde rank litjiesgras (bokwiet, wildebokwiet – *bilderdykia Convolvulus*) en alle ander *Polygonum* spesies ook 'n probleem is en moet ook beheer word.

Sommige aanbevole mengsels met 'n beraamde koste per hektaar word op bladsy sewe aan getoon:



Slegs breëblare

- 'n Tenk mengsel Chlorsulfuron (15 gram/ha) plus 2,4 D (100 ml) hektaar en 'n geskikte bymiddel (kleefmiddel en pH balanseerder).
- Chemiese koste per hektaar is sowat R45,00.
- Kontrakteurs sal ongeveer R80 per hektaar plus diesel (5l/ha) vra.

Breëblaar en polygonum spesies

- 'n Tenk mengsel Chlorsulfuron (15 gram/ha) plus mesosulfuronmethyl (10 gram per hektaar) plus 2,4D (100 ml) hektaar en 'n geskikte bymiddel (kleefmiddel en pH balanseerder).
 - Chemiese koste per hektaar sal ongeveer R80 per hektaar beloop.
 - Kontrakteurs sa ongeveer R80 per hektaar plus diesel (5l/ha) vra.
- Met 'n potensiële opbrengs van twee ton met 'n termynkontrakprys van R2 800/ton en 'n potensiële inkomste van R5 600/ha maak dit gesonde ekonomiese sin om R175/ha slegs vir breëblare en R210/ha vir breëblare, *Convolvulus* en *Polygonumspesies* te spandeer.

Dit word ook sterk aanbeveel dat 'n onkruidbeheer agent geraadpleeg word voor die aankoop van enige onkruiddoder en dat hulle raad gevolg word wanneer die lande bespuit word. Dit is 'n ingewikkelde bedryf en dit word van alle agente verwag om van tyd tot tyd eksamens te skryf en so op hoogte te wees met die mees doeltreffende mengsels en die wetgewing ten opsigte van die gebruik van landbouchemikalieë.

ARTIKEL DEUR 'N VOORMALIGE PRODUSENT



Haelstene uit die lug

KORING IS 'N GEWAS WAT BAIE VATBAAR VIR HAELSKADE IS – REGDEUR TOT EN MET OESTYD. DIT IS MOONTLIK VIR 'N HAELOSTORM OM 'N KORING-OES HEELTEMAL TE Vernietig EN NIKS TE LOS OM TE OES NIE.

Die seisoen vir die ontwikkeling van die are en die rypwording van koring in die Oos-Vrystaat vind plaas gedurende dieselfde tyd as die seisoen waar reën en haelstorms in baie gebiede verwag kan word. Dit is van die uiterste belang dat produsente hul koringoes teen haelskade verseker.

Die waarskynlikheid vir hael verskil van gebied tot gebied en so ook die premie vir haelversekering – maatskappye wat koring verseker beskik oor langtermyn rekords en dus verhoog die premies in gebiede waar die waarskynlikheid van hael hoër is. As koringprodusent, moet jy kontak maak met die maatskappye wat haelversekering bied en raad kry wanneer om die polis uit te neem, sowel as die opbrengs en waarde waarvoor die gewas verseker moet word. As jy onseker is hieroor, kontak jou naaste agri-besigheid (in die meeste gevalle OVK met hul hoofkantoor in Ladybrand, VKB met hul hoofkantoor in Reitz en Senwes met hul hoofkantoor in Klerksdorp) – jy sal goeie raad kry wat jou besigheid kan red.

JANE MCPHERSON, PROGRAMBESTUURDER VAN DIE
GRAAN SA ONWIKKELINGSPROGRAM VIR PRODUSENTE



Beplan om koring winsgewend te plant

'N PRODUSENT IS NOU VERBONDE AAN DIE GROND EN NATUUR ELEMENTE EN HY MOET SY GROND GEBRUIK OM 'N INKOMSTE TE GENEREER. ONGELUKKIG MOET BEPLANNING LANK VOORUIT GESKIED EN 'N PRODUSENT KAN NIE NET SY GEDAGTES OP DIE INGEWING VAN DIE OOMBLIK VERANDER EN 'N ANDER GEWAS AANPLANT NIE – DEEGLIKE BEPLANNING MOET GEDOEN WORD.

Ten einde finansiëel as 'n produsent tans te oorleef, sal produsente meer objektief in besluitneming moet wees, dit kan nooit 'n emosionele besluit wees waar die uitslag kan lei tot groot finansiële verliese nie.

Die mark

Die Suid-Afrikaanse koringprys word in die Noordelike Halfrond bepaal en ons is 'n baie klein speler op die internasionale veld. Ons geldeenheid is sterk en invoer is baie kompetend – dit is moontlik om ingevoerde koring hier te land teen 'n laer prys as wat ons produsente kan bekostig om dit te produseer (invoerpariteit).

Die regering hou 'n heffing op ingevoerde koring, maar hierdie heffing is veels te laag om die invoer van koring te ontmoedig. Onthou dat die koring meulenaars in 'n winsgewende besigheid belangstel en hulle is nie regtig bekommerd oor die voortbestaan van ons plaaslike produsente nie – hulle is sakemanne en hulle sal die goedkoopste koring koop waartoe hulle toegang in die mark kan kry.

Die winsmarges op koringproduksie is baie klein in verhouding tot potensiële risiko – die insette is hoog en die waarde van die graan laag. Dit word algemeen

aanvaar dat die gehalte van die ingevoerde graan swakker is as ons plaaslike produk, maar die feit dat die koring in die mark beskikbaar is, beteken dat ons voortgaan om koring in te voer.

Dit is die eerste jaar in die geskiedenis van Suid-Afrika dat ons meer koring invoer as wat plaaslik vervaardig word. Dit is 'n baie hartseer stand van sake, omdat ons koring kan produseer in Suid-Afrika, maar ons kan nie meeding op die internasionale mark nie. Ons vra onself gedurig, indien daar 'n misoos van koring in die uitvoerlande plaasvind, wat sal met Suid-Afrika gebeur? Gee niemand in die regering om vir ons produsente nie? Besef niemand in die regering dat ons as 'n land selfversorgend met betrekking tot voedsel moet wees nie? Ons as produsente weet dat wat ons doen, van kardinale belang is vir die ekonomiese oorlewing van ons mense en ons land en daarom sal ons voortgaan om te veg vir invoertariewe op koring.

Wat koringproduksie in die Vrystaat betref, weet ons van net nege ontwikkelende produsente wat daarin geslaag het om produksieleninge te kry vir koringaanplanting. Dit is baie teleurstellend, want twee jaar gelede was daar 22 produsente wat 'n baie suksesvolle koringoes gehad het. Ons produsente weet hoe om koring te plant, hulle wil plant koring, maar hulle kan nie bekostig om koring te produseer nie, tensy die regering hoër tariewe plaas op ingevoerde koring.

JAN DE VILLIERS, 'N AFGETREDE PRODUSENT



***Die regering het versuim om in te gryp in Agrimarkte.
Ons doel moet wees om markte vir ons te laat werk.
Ons kan nie die regering maak werk nie – Professor Karaan.***

Hierdie spesiale bylaag is moontlik gemaak deur die bydrae van die Wintergraantrust.

Die gebruik van landbou-kontrakteurs – die moets en die moenies

ONS HET NOU NET 'N BESOEK GEBRING AAN PRODUSENTE IN DIE OOS-KAAP EN WEER BEWUS GEWORD VAN DIE HELE KWESSIE VAN KONTRAKTEURS.

Hoekom gebruik maak van kontrakteurs?

Dit is so hartseer om te besef dat miljoene rande "gemors" word deur al die skemas wat veronderstel is om die ontwikkelende produsente te help – die massiewe kos skema en meer onlangs, die inisiatiewe van AsgiSA. Al hierdie skemas begin met goeie bedoelings en tog het hulle almal misluk. Hoekom misluk hulle? Hulle misluk as gevolg van 'n aantal redes – een rede is dat te hoë pryse betaal word vir kontrakteursdienste en produksie-insette, die werk is gewoonlik te laat gedoen en die aanhoudende mislukking is dat produsente nie bemaatig is nie – hulle word nie geleer om te boer nie. Nadat die skema misluk het, is produsente in dieselfde (of selfs erger) situasie gelaat as wat hulle voor die "skema" was.

Indien ons voortgaan om die landbou-sektor te transformeer en voedselsekureit in Suid-Afrika te vestig, moet ons onafhanklike, volhoubare, winsgewende produsente ontwikkel – nie toelaat dat mense groot winste maak uit "skemas", terwyl die produsente arm bly nie.

Daar is baie produsente in Suid-Afrika wat op hul plase van kontrakteurs gebruik maak. Hierdie kontrakteurs kan gebruik word vir primêre grondbewerking, sekondêre bewerking (saadbed voorbereiding), plant, spuit en/of oes. Baie produsente boer nie op 'n groot genoeg skaal om dit te regverdig om hulle eie toerusting te besit nie en dit maak goeie

ekonomiese sin om van kontrakteurs wat hulle eie toerusting het, gebruik te maak – dit kan ook geleenthede open vir diegene wat ekstra toerusting het, om 'n inkomste te genereer uit kontrakwerk.

In teorie, is dit 'n baie sinvolle ding om te doen. Maar in die praktyk, kan dinge verkeerd loop. Oor die algemeen, is die doel van landbou om voedsel en vesel te produseer om sodoende 'n inkomste te genereer wat groter is as die produksiekoste - wins is die aansporing.

Hoe verdien kontrakteurs hulle geld?

Kontrakteurs word gewoonlik per hektaar betaal en hulle deel nie in die inkomste van die gewas nie. Dit is dus tot hulle voordeel indien hulle 'n groot aantal hektare bewerk, omdat meer hektaar meer inkomste vir hulle beteken. Die gevaar bestaan dus dat die kontrakteur so vinnig as moontlik sal werk om soveel hektaar as moontlik in 'n dag te kan voltooi. Dit kan beteken dat die gehalte van die werk in die gedrang kom. Dit is makliker om vlak bewerking toe te pas (byvoorbeeld ploeg of sny) – die operasie gaan vinniger, minder diesel word gebruik en daar is minder slytasie op die masjinerie.

Elke bewerkingsoperasie wat die produsent toepas, dien 'n doel. Die produsent wil hê dat elke bewerking wat gedoen word op die korrekte diepte gedoen word en hy/sy is nie regtig bekommerd oor hoe lank dit die kontrakteur neem om die werk te doen nie – die gehalte van die werk is meer belangrik (dit is egter nie die geval met oes wanneer die produsent gewoonlik angstig is om die gewas so vinnig as moontlik af te kry nie).



Die gebruik van landbou-kontrakteurs – die moets en die moenies

Daar is dus konflik van belange – die kontrakteur wil die werk so vinnig as moontlik afhandel om betaling te ontvang en die produsent wil hê dat die werk wat gedoen word noukeurig en behoorlik afgehandel word.

Is tydsberekening belangrik?

Nog 'n baie belangrike faktor in die produksiesiklus van gewasse is die tydsberekening van elke operasie. Die bewerking van die grond is uiteindelik daarop gemik om die gewas in klam grond te plant. Om optimale opbrengste te kry, is daar 'n optimale planttyd. Dit word bepaal deur die eerste lentereëns, die verwagte somerreëns, die groeilengte van die gewas, die hitte-eenhede wat beskikbaar is gedurende die somermaande en die verwagte datums vir die eerste ryp.

Omdat die kontrakteur 'n inkomste verdien volgens die aantal hektaar wat hy kan bewerk gedurende 'n seisoen, is hy geneig om homself te verbind tot meer hektaar as wat hy kan bestuur in 'n redelike tyd, sodat hy voorsiening kan maak vir reëntyte wanneer daar geen werk gedoen kan word nie. Dit kan lei tot werk wat te laat gedoen word – of na die optimale tyd omdat die kontrakteur vir een produsent werk, terwyl die volgende produsent reeds wag. Daar is baie gevalle waar 'n produsent sy oes na die laaste plantdatum plant, omdat die kontrakteur nie betyds was nie.

Waarna moet die produsent oplet?

- Maak seker dat die tariewe wat jy die kontrakteur betaal, binne die normale grense vir jou area val. (Indien jy onseker is, vra ander kommersiële produsente in jou area wat die huidige koers is).
- Skryf 'n kontrak met die kontrakteur, sodat jy verseker is van sy diens-te.
- Kom ooreen oor standarde van werk – besluit vooraf hoe diep jy beplan om die grond te bewerk en monitor die gehalte van die werk terwyl dit gedoen word. Dit dien geen doel om agterna die gehalte van die werk te kritiseer nie – jy moet daar wees wanneer die werk gedoen word om te verseker dat dit volgens die standarde wat ooreengekom is, gedoen word.

- Kom ooreen op afsny datums waarna jy weet dat dit nutteloos sou wees om die werk te doen – dit is beter dat jy liever nie plant nie, as wat jy te laat plant en kry geen oes kry omdat jy te laat geplant het nie.
- Vind uit hoeveel ander produsente word deur die kontrakteur bedien sodat jy weet dat hy nie te veel werk het nie.

'n Voorbeeld van die huidige tariewe vir kontrakteurswerk is soos volg:

Bewerking	Vrystaat/ Noord-Wes	Oos-Kaap	KZN
	+ diesel	+ diesel	+ diesel
Ploeg	R250	R750	R550
Skoffel bewerking	R195	R550	R450
Plant	R165	R480	R440
Totaal	R610	R1 780	R1 440
Bespuiting	R80		
Stroop	R250		

Ons as Graan SA glo dat jy as 'n produsent daarna moet streef om jou eie toerusting te hê (indien jy as 'n individu boer), of toerusting deel met 'n klein groepie produsente as jy op kommunale grond boer. Indien jy kyk na kostes hierbo, tensy jy in die Vrystaat boer waar kostes hanteerbaar is, sal jy nie in staat wees om winsgewend te boer as jy aanhou om gebruik te maak van kontrakteurs nie. Dit sou goedkoper wees om jou mielies te koop as om hierdie pryse te betaal!

JANE MCPHERSON, PROGRAMBESTUURDER VAN DIE GRAAN SA
ONTWIKKELINGSPROGRAM VIR PRODUSENTE

Verbeter jou bestuur deur middel van kontrole

OM IN STAAT WEES OM DIE BESTUUR VAN 'N BESIGHEID TE VERBETER OM VOLHOUBARE WINSTE TE HANDHAAF, IS DIT BELANGRIK DAT DIE BESTUURSTAAK, NAAMLIK BEHEER, VOLLE AANDAG KRY.

Beheer is die vierde bestuurstaak en is die proses waardeur 'n bestuurder die mate waarin die werklike aktiwiteite ooreenstem met die beplande aktiwiteite, monitor en stappe neem, indien nodig, om dit reg te stel. Om beheer te hê, moet die produsent toesig hou oor die aktiwiteite, of laat toesig hou.

Eenmalige aktiwiteite kan gesien word as die laaste taak. Maar met 'n boerdery-onderneming waar die meeste aktiwiteite herhaal, is dit nie die einde nie, maar ook die begin van 'n nuwe fase van beplanning, organiseren, implementering en dan weer beheer. Sommige aksies sal jaarliks herhaal word, soos die produksie van eenjarige gewasse, terwyl ander aksies gedurende 'n jaar herhaal, soos die produksie van groente, die produksie van melk, die produksie van braaiuikeus ensovoorts.

Ideaal gesien, behels beheer die uitvoering van die volgende vyf stappe:

Skep van standarde

Standaard is nodig vir die uitoefening van suksesvolle beheer en moet reeds deel van die oorspronklike plan uitmaak. As daar geen realistiese standarde is waarteen werklike prestasie gemeet kan word nie, is dit nie moontlik om suksesvolle beheer uit te oefen nie. In die praktyk beteken dit dat beheer reeds 'n aanvang neem by die beplanning van 'n aksie. Beplanning om 100 hektaar sonneblom of tien hektaar kool te plant, stel reeds 'n standaard – 100 hektaar sonneblom en tien hektaar kool moet geplant word.

Meet van werklike prestasie

Dit is net so belangrik om werklike gebeure te dokumenteer. Die gebeure moet gemeet en aangeteken word in 'n formaat wat dit maklik maak vir die produsent om te gebruik. In boerderyterme staan dit bekend as rekordhouding. Hoeveel hektaar is geplant?

Vergelyking van werklike prestasie met beplande standaarde

Die werklike prestasie moet dan vergelyk word met beplande standaarde. Dit is te betwyfel of 'n mens ooit in 'n boerdery-onderneming 'n situasie sal teëkom waar die werklike gebeure presies ooreenkom met die beplande situasies. 'n Mens kan intendeel altyd afwykings verwag van vasgestelde standaarde. Byvoorbeeld, indien jy beplan om 100 hektaar sonneblom te plant en slegs 90 hektaar word werklik geplant, is dit 'n afwyking.

Ontleding van afwykings

Indien en wanneer daar afwykings is, moet die afwykings ontleed en verduidelik word. Die rede vir die afwyking is van die uiterste belang om stappe te neem om dit reg te stel en te verbeter. Hoekom is slegs 90 hektaar sonneblom geplant?

Regstellendestappe

Wanneer dit vasgestel word dat daar afwykings tussen die planne (standaarde) en die werklike resultate bestaan en die redes is vasgestel, moet regstellende stappe geneem word. Regstellende stappe sal een of meer van die volgende insluit:

- Aanpassing van die standaard, want dit was te hoog of te laag;
- 'n Toename in werkverrigting om die standaard te bereik; of
- Geen onmiddellike optrede nie, omdat die afwyking te wyte is aan 'n eenmalige en/of onbeheerbare faktor, soos die voorkoms van haël of vloede.

Afhangende van die taak, kan beheer uitgevoer word voor die werklike implementering van wat beplan was, tydens die implementering en na die implementering van die beplanning.

Beheer voor die werklike implementering sal hoofsaaklik fokus op aspekte soos die aankoop van die korrekte tipe en hoeveelheid insette. In 'n boerdery-onderneming, is beheer tydens die implementeringsfase van die uiterste belang en word hoofsaaklik gedoen deur streng toesig. Indien saad nie teen die regte digtheid van 30 000 sade per hektaar geplant word nie en dit word ontdek na opkoms dat 15 000 sade geplant is, is dit baie moeilik om dit reg te stel sonder addisionele koste en tyd. Die laaste beheer in terme van fisiese beheer sal wees na die finale implementering deur te konsentreer op die eindresultate.

Die finale stap

'n Mens kan 'n sesde en finale stap met betrekking tot beheer as 'n bestuurstaak byvoeg wat finansiële beheer is, wat bespreek sal word in 'n toekomstige artikel wanneer finansiële bestuur bespreek sal word.

Tot dusver is dit in die reeks artikels beklemtoon dat bestuur jaarliks moet verbeter om volhoubare winste te verseker. Behoorlike beheer kan 'n baie belangrike rol speel in die verbetering van die bestuur van jou besigheid. In 'n opvolg artikel oor beheer, sal dit geïllustreer word met behulp van 'n praktiese voorbeeld.

INLIGTING SAAMGESTEL VANUIT DIE PLAASBESTUUR VIR WINS HANDLEIDING DEUR MARIUS GREYLING

Ploeg – waarna jy moet oplet

Die ploeg is 'n implement wat in die landbou gebruik word vir grondbewerking in die voorbereiding van aanplant van saad. Dit is 'n basiese implement wat dwarsdeur die geskiedenis gebruik is en verteenwoordig een van die grootste vorderings in die landbou.

Doel van die ploeg

Die primêre doel van die ploeg is om die boonste laag van die grond om te keer, om vars voedingstowwe na die oppervlak te bring en onkruid en die reste van die vorige gewasse te begrawe sodat hulle afgebreek kan word. Dit deurlug ook die grond en verbeter die voghouvermoë.

In Europa en Asië, waar ploë die eerste keer gebruik was, was een van die doelwitte om die grond om te keer sodat dit aan die lug blootgestel kan word om uit te droog – ploeg droog die grond uit. In Suid-Afrika, waar te min nog een van ons produksie beperkende faktore is, moet die ploeg met die uiterste versigtigheid gebruik word.

Voordele van die skaarploeg

Die ploegaksie meng oesreste, kalk en kommersiële kunsmis saam met 'n bietjie suurstof.



PULA IMVULA

Die publikasie word maandeliks gemaak deur die bydrae van die Mielietrust.

GRAAN SA

Posbus 88, Bothaville, 9660
► (056) 515-2145 ◀
www.grainsa.co.za

PROGRAMBESTUURDER

Jane McPherson
► 082 854 7171 ◀

BESTUURDER: OPLEIDING & ONTWIKKELING

Willie Kotzé
► 082 535 5250 ◀

SPECIALIS: VELDDIENSTE

Danie van den Berg
► 071 675 5497 ◀

VERSPREIDING: PULA-IMVULA

Debbie Boshoff
► (056) 515-0947 ◀

PROVINSIALE KOÖRDINEERders

Daan Bosman
Mpumalanga (Bronkhorstspuit)
► 082 579 1124 ◀

Johan Kriel
Vrystaat (Ladybrand)
► 079 497 4294 ◀

Tonie Loots
Noordwes (Zeerust)
► 083 702 1265 ◀

Jerry Mthombathi
Mpumalanga (Nelspruit)
► 084 604 0549 ◀

Lawrence Luthango
Oos-Kaap (Mthatha)
► 083 389 7308 ◀

Jurie Mentz
KwaZulu-Natal en Mpumalanga
► 082 354 5749 ◀

Ian Househam
Oos-Kaap (Kokstad)
► 078 791 1004 ◀

ONTWERP, UITLEG EN DRUK

Infoworks
► (018) 468-2716 ◀
www.infoworks.biz



**PULA IMVULA IS BESIKKBAAR IN
DIE VOLGENDE TALE:**

Afrikaans,
Engels, Tswana, Sesotho,
Sesotho sa Leboa, Zulu en Xhosa.

Ploeg – waarna jy moet oplet

Nadele van die skaarploeg

Ploeg word steeds erken as 'n vernietigende boerderypraktyk wat grondhulpbronne vinnig afbreek. Oor die kort termyn kan dit egter suksesvol wees. 'n Land wat een keer geploeg is, sal die voordeel hê dat onkruidseeds en insek larwes te diep begrawe word om te oorleef.

Ploeg is grootliks verantwoordelik vir die vorming van 'n ploegblad wat water-en wortelindringing in die laag onder die blad verhoed en dus oeste beperk. Dit word later ook ondeurdringbaar vir water wat kan lei tot vloede en versuiping van plante.

Diep ploeg (meer as 15 - 20 cm) put die organiese materiaalinhoud van die grond baie vinnig uit en bevorder erosie – hierdie twee probleme loop hand aan hand. As die grond na die oppervlak gebring word, word die wortelstruktuur van die vorige oes gebreek en die natuurlik samebindende faktor van die gronddeeltjies is ook verlore – hierdie grond is nie goed vir ontkieming nie, maar die grond is hoogs vatbaar vir erosie. Hierdie verhoogde tempo van erosie vind vinniger plaas as die tempo van grondherstel en die vervanging van organiese materiaal in die grond en sal dus die grond vinniger afbreek as normaal.

Diep ploeg (meer as 15 - 20 cm), lei tot verhoogde grondverdigting en die verlies van poriespasie in die grond. Grond is 'n bietjie soos 'n emmer vol balle wat met sand gevul is. Elke bal verteenwoordig 'n samebindende deeltjie van die grond en wanneer opmekaar gestapel is, los hulle lugspasies wat nodig is vir gesonde wortelgroei en behoorlike dreinerings. Ploeg versteur die grond en breek hierdie balle sodat hulle inhoud vrygestel word. Wanneer dit gebeur, is daar baie kleiner deeltjies wat binne die groter deeltjies vrygestel word en die poriespasie verminder, wat dan lei tot harde gekompakteerde grond wat maklik vloed en die groei van die wortels beperk.

Baie produsente in Suid-Afrika gebruik nog steeds die ploeg – dit is tyd om ernstig hieraan aandag te gee. Miskien is dit tyd om hierdie praktyk te verander!

**WILLIE KOTZÉ, OPLEIDING EN ONTWIKKELINGSBESTUURDER VAN
DIE GRAAN SA ONTWIKKELINGSPROGRAM VIR PRODUSENTE**



Ons poog om die beste maandelike publikasie uit te gee. Enige voorstelle of terugvoer oor die redaksionele inhoud of aanbieding, kan gerig word aan Jane McPherson.